



Onderwerp 7: Oplossings en spesiale mengsels (Deel 4)

Graad 6

Kliek heir om
video te kyk

Video: les van
skyfievertoning

<https://youtu.be/tLuCUFuJDWw>



Instruksie

- Jy moet self die werk in jou handboek deurlees of lees dit op hierdie skyfievertoning.
- Bestudeer alle sketse, figure en diagramme.
- Beantwoord die vrae in jou boek soos aan jou deurgegee.
- Skryf duidelik en leesbaar.
- Vra jou ouers om dit saam met jou deur te gaan waar jy sukkel.
- Die memorandum sal ook volg – jou ouers moet jou werk saam met jou nasien wanneer julle die memorandum ontvang.
- Vrae kan aan my gerig word op Dinsdae tussen 09:00-11:00 per e-pos of Class Dojo.

Tempo van oplosbaarheid

Kyk die video oor die eksperiment. As jy nie die video kan kyk nie kan jy net die aktiwiteite voltooi.

[Klik hier om die eksperiment, tempo van oplosbaarheid, te kyk.](#)



Aktiwiteit 12, bl 83

Gebruik die skyfies of jou handboek om die vrae te beantwoord.

AKTIWITEIT 12 Identifiseer verskillende korrelgroottes

1. Noem die oplosmiddel en die oplosbare stof hierbo.
2. Kyk na die foto en voltooi die tabel.

Faktore wat dieselfde is vir albei bekere

Watter faktor is verskillend in hierdie toets?

1. _____
2. _____
3. _____

Een teelepel oplosbare stof bevat _____; die ander teelepel bevat 'n _____.



Figuur 20 Die korrelgrootte van die oplosbare stof beïnvloed die tempo waarteen dit oplos

Hersiening van onderwerp 7, bl 90

**Voltooi hierdie hersiening
onder toetsomstandighede.
Dit tel uit 20 punte:**

Wetenskapstaalaktiwiteit

Pas die betekenis in Kolom B by die regte woord in Kolom A.
Skryf slegs die regte letter langs die regte vraagnommer neer.

Kolom A	Kolom B
1. Oplosbare stof	a. Die vermoë wat 'n stof het om in 'n vloeistof op te los.
2. Oplosbaarheid	b. Die stof wat in 'n oplossing oplos.
3. Oplosmiddel	c. 'n Opgeloste stof verander weer in vaste kristalle wanneer die oplosmiddel verdamp.
4. Tempo	d. Die vloeistof waarin stowwe oplos.
5. Kristallisatie	e. Die tyd wat dit neem om te gebeur.

Hersieningsaktiwiteit

1. Sê watter stowwe regs oplosbaar of onoplosbaar in water is. (3)
2. Noem twee verskille tussen smelting en oplossing. (4)
3. Verduidelik hoe jy elke oplossing sou skei. (4)
 - a. mengsel van sand en water
 - b. mengsel van rys en water
 - c. mengsel van sout en water.
4. Noem twee faktore wat die tempo van oplossing beïnvloed. (2)

5. Lys die sinne hieronder. Rangskik die stappe van 'n ondersoek in die regte volgorde.

Mary het 'n eksperiment gedoen om uit te vind of sand in water sal oplos. Sy moes aan die klas vertel wat sy gedoen het. Sy het al die stappe op los papiere neergeskryf. Die wind het dit alles van haar tafel af gewaai. Help Mary om haar stappe in die regte volgorde te kry. Skryf die letters a - g in die korrekte volgorde.

- a. Ek het geleer dat sand nie in water kan oplos nie.
- b. Ek gooi 1 teelepel sand in die water en roer dit.
- c. Ek het water uit die kraan in die bottel gegooi.
- d. Ek het gedink oor wat ek vir my ondersoek sal nodig hê.
- e. Na 10 minute het die sand 'n laag op die bodem van die bottel gevorm.
- f. Ek het 'n glasbottel, teelepel en koppie sand gekry.
- g. Ek wonder wat sal gebeur as ek die eksperiment met warm water sal doen?



a. Sout



b. Meel



c. Rys

Totaal: 20